Waterkruik

JAARGANG 56 NO 6 10 Februarie AD 2019

EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondag se erediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal, Sondag 24 Februarie 019.

Almal word hartlik uitgenooi om na die viering van die Heilige Nagmaal en die erediens saam te kuier en te eet. Meer besonderhede elders in die Waterkruik.

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Emeritaatsversorging**

Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

Sondag: 17 Februarie

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 21 & 22
Ouderlinge: Pieter Smit en Theo le Roux
Diaken: Yoané Penning

Volgende Sondag: Wyke 23 & 24
Ouderlinge: Herman Hamersma en Neels Kloppers
Diaken: Clarisse Venter

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 15 o.l.v. Adéle Mienie om tee en koffie te bedien.
Sondag 17 Februarie is dit die beurt van wyk 16 o.l.v. Elize Hoogendyk om tee en koffie te bedien.

Program vir die week

Maandag
Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag
Bybelstudiegroepe
08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

DIAKENSVERGADERING
Die Diakens vergader **Dinsdag**
19 Februarie 2019 om 18:00 in die kerk.

OUDERLINGEVERGADERING
Die ouderlinge vergader Woensdag 20 Februarie om 19:00 in die saal

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Maandag 11 Februarie
Heinrich Reinders (14) 012 993 4413
Evah van Aswegen (6) 082 879 2328

Woensdag 13 Februarie
Br. Frans Schutte 083 304 0357
Br. Alwyn van der Walt 084 515 4179

Donderdag 14 Februarie
Br. Jan du Preez 082 576 7070
Sr. Karin Moolman 082 333 0878
Br. Ludick Venter 071 879 6177

Vrydag 15 Februarie
Sr. Hannie Kuschke 072 242 8880

Hartlik geluk aan br. Jan du Preez wat Donderdag sy 80ste verjaardag vier. Mag die Here jou ryklik seën en jou elke dag krag en genade gee vir die dag. Ons wens jou 'n mooi dag toe saam met jou geliefdes.

MEELEWING
Sr. *Annelien Breed* sterk tuis aan na 'n naelbreukoperasie. Ons bid jou spoedige beterskap toe. 079 883 4776

Sr. *Alida Steenekamp* het Donderdag 'n rugoperasie in die Kloofhospitaal ondergaan. Ons bid dat jy gou sterker sal voel en volkome sal herstel. 083 548 6162

Sr. *Emarentia van der Zwaard* is in die Kloofhospitaal vir toetse. Ons bid jou krag en sterkte toe. 081 271 0580

"Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie, en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan Sy lyding, sal ons ook deel hê aan Sy heerlikheid" (Romeine 8:15-17)

BEROEPENUUS
BEROEPE AANVAAR
Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief.

OP DIE KERKRAAD SE TAFEL.

Op die Breë Kerkraadsvergadering van Woensdag (6 Februarie) het 'n aantal sake aandag geniet waaroor die Redaksie u kortliks wil toelig:

* J**eug van Gereformeerde gemeentes in Pretoria.**
'n Behoefte is geïdentifiseer om aksies te reël waar hulle o.a. op 'n gereelde basis saam kan kom, meelewing onder mekaar kan bevorder, hulle belewenis van geloof kan bevorder, ens. Madelein van Staden van ons gemeente het die vergadering bygewoon. Die projek is nog in sy kinderskoene. Die BKR het br Steve Chambers jnr. benoem om namens ons gemeente betrokke te wees by verdere aksies in dié verband.

* **Beplanning vir dr Douw se emeritering**
Volgens die bestaande beplanningsraamwerk vir dr Douw Breed se emeritering, nadat hy die ouderdom van 65 jaar bereik het, word die voortsetting van sy bediening jaarliks by die eerste vergadering van die Kerkraad vir die betrokke jaar oorweeg.
By hierdie week se vergadering het dr Douw die Kerkraad versoek om vanjaar te emeriteer. Na oorweging van sy versoek en motivering in ooreenstemming met die Kerkorde Artikel 13 van die Kerkorde, **het die Kerkraad die versoek toegestaan**.
Die Kerkraad het weer sy groot waardering aan dr Douw en dank aan die Here betuig vir dr Douw se volgehoue uitsonderlike ywer en vrug in die bediening. Dr Douw se **emeritering word vir die end van 2019 beplan**, in ooreenstemming met die beplanningsraamwerk. Dit bied DV genoeg tyd vir beplanning en implementering van die voortsetting van die predikantsbediening in die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. 'n Kommissie is vir die doel aangewys.

* **Sondagkoster**. Br. Andre Els kan nie voortgaan met sy diens as **Sondagkoster** nie aangesien hy verhuis uit Pretoria. Die BKR het goedgekeur dat **br. Hein Wichmann** (wederhelf van ons orrelis) die taak by br. Andre oorneem.

* **Lidmate in die buiteland**. 'n Aantal lidmate van ons gemeente (8 volwassenes en 2 kinders) is tans woonagtig/werksaam in die buiteland. 'n Behoefte aan kontak op kerklike gebied het onder die aandag van die Kerkraad gekom en daar is gevolglik besluit om 'n kommissie die opdrag te gee om alle aspekte van die aangeleentheid te ondersoek ten einde die Kerkraad te adviseer.

* 'n **Hersiene begroting** van die Kerkraad het op die vergadering gedien en u sal op Sondag 24 Februarie deur die Finansieskommissie daaroor ingelig word.

* **Video-uitsendings van eredienste op YouTube**. Die organisasie het die volgende inligting oor die diens wat hulle gedurende Januarie 2019 aan ons gelewer het, aan die BKR se Kommunikasiekommissie gestuur: die aantal intekenaars het met 7 vermeerder, daar was 533 "kyke" (views), die kyktyd was 9 635 minute en daar was 13 positiewe reaksies ("likes") op die uitsendings.

WYKSUSTERONTBYT

Op Saterdagoggend 2 Februarie het die sustersbestuur al die wyksusters bederf met 'n heerlike ligte ontbyt!!

Nadat ons verwelkom is met 'n verfrissende vrugte-drankie het ons aangesit by 'n keurig gedekte tafel. 'n Vrugtekelkie is aantreklik bedien waarna ons aan lekker quiche en muffins gesmul het. Die ete was afgerond met sjokolade eiers.

Nadat ons die innerlike versterk het, het elke wyksuster 'n beurt gekry om 'n interessante storie of gebeurtenis uit haar eie lewe te vertel of om iets rondom 'n item, wat sy saamgebring het, te vertel. Daar is heerlik gesels en gelag oor sommige staaltjies.

So 'n oggend maak dit sommer die moeite werd om die geringe takie as wyksuster te verrig!!

Baie dankie aan die bestuur!!

SÓ KRY JY 'N NUWE LEWE (4) – REGVERDIGMAKING EN HEILIGMAKING

Daar is altyd die stryd in die gelowige tussen die goeie wat jy doen en die kwaad wat jy nie kan ophou doen nie. Jy kan nie hierdie probleem self oplos nie. In Romeine 8:3 is geskryf: *" Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel."*

Wanneer God na jou as regter kyk, sien Hy Christus en sy veroordeling, straf én gehoorsaamheid. In Christus verklaar hy jou onskuldig. Dit is jou **regverdigmaking**. Hoewel jy nou in Christus regverdig is, is daar nog steeds sonde wat aan jou vasklou. Jy hoef gladnie hopeloos te voel nie, want die Heilige Gees bevry jou en maak jou lewend in Christus. Die versoeningswerk van Christus

word deur die Gees in jou gedoen. Die oorwinning van Christus aan die kruis word jou oorwinning. Die Gees lei jou sodat jy saam met Christus kan lewe en in sy opstanding kan deel.
Hierdie verandering in jou is 'n proses wat **heiligmaking** genoem word. Dit is hoe die Gees jou lei om meer en meer te word soos wat jy reeds in Christus is. Heiligmaking kom dus deur die proses van daaglikse bekering.

PRETORIA KINDERHUIS

Die Pretoria Kinderhuis beleef tans ietwat van 'n finansiële krisis. Nie net as gevolg van die ekonomiese uitdagings spesifiek die tyd van die jaar nie, maar ook omrede die Departement van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling nou reeds 'n maand agterstallig is in die uitbetaling van die laaste kwartaal van hierdie boekjaar se subsidie.
Kontak gerus vir Marlene vir enige navrae: 012 3321366 of e-pos bemarker2@telkomsa.net

ALLERLEI

EREDIENS 160STE BESTAAN GKSA

Almal is hartlik welkom by 'n spesiale erediens ter viering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se 160ste bestaanjaar.
Plek: GK Pretoria (Paul Krugerkerk)
Datum: 10 Februarie 2019 *(vandag !)*
Tyd: 15:45 vir 16:00 tot 17:15
Prediker: Ds. Anton Dednam
Feesredenaar: Hannes Noeth
Orrelis: Arno Meijer
Koor: Moot Kantate o.l.v. Johan Coertzen
Kollekte by die deure: Uitgawes van die Feesdiens en GK Pretoria
Verversings: Susters van GK Pretoria

BLAPSE IN KERKBLAADJIES

Die lae selfbeeld-ondersteuningsgroep vergader Donderdagmiddag om 15:00 in die sysaal. Gebruik asseblief die agterdeur.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en

videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE